

**'n Studie van Hongaarse Volkskuns na aanleiding van 'n  
Uitstalling in die Pretoriase Kunsmuseum (Oktober 1981)**

**deur**

**Enikő C Nagy**

'N STUDIE VAN HONGAARSE VOLKSKUNS  
NA AANLEIDING VAN 'N UITSTALLING  
IN DIE PRETORIASE KUNSMUSEUM  
(OKTOBER 1981)

deur

ENIKÖ CSILLA NAGY

Voorgelê ter vervulling van 'n deel  
van die vereistes vir die diploma in

M U S E U M K U N D E

in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte  
(Departement Afrikaanse en Nederlandse Kultuurgeskiedenis)  
aan die Universiteit van Pretoria  
Pretoria

PRETORIA

12 Mei 1982

*" Peasant art is still revelant to Hungarians.  
In the middle of the last century, three-quarters  
of the Hungarian nation lived on the land and  
even a generation ago about half still did. In  
many respects modern Hungarian society has its  
roots in the peasant world. Modern Hungarian  
national culture ( literature, music and art )  
is bound directly and indirectly to the traditions  
of peasant culture. The search for national  
identity and character continually leads back  
to that world. "*

*T Hofer, E Fél, Hungarian Folk Art.*

## INHOUDSOPGAWE

	bladsy
VOORWOORD . . . . .	i
HOOFSTUK I	
WAT IS VOLKSKUNS . . . . .	1
HOOFSTUK II	
ONTWIKKELING VAN DIE HONGAARSE VOLKSKUNS . . . . .	6
1 Vestiging 896 n C . . . . .	6
2 Middeleeue . . . . .	10
3 Turkse Besetting (ca 1526 n C) – Renaissance . . . . .	11
4 Barok, Rococo, Klassisisme . . . . .	16
5 Ontwikkeling van Boerestyle . . . . .	23
HOOFSTUK III	
BOEREGEMEENSKAP EN VOLKSKUNS . . . . .	32
1 Die betekenis en funksie van volkskunsskeppinge . . . . .	41
2 Indeling in streeksgebiede . . . . .	48
HOOFSTUK IV	
DIE GROOT-VLAKTE (NAGYALFÖLD) . . . . .	50
1 Houtsierwerk . . . . .	50
2 Borduurwerk . . . . .	61
3 Pottebakkery . . . . .	61
HOOFSTUK V	
DIE HOOGLANDE (FELVIDÉK) . . . . .	65
1 Houtsierwerk . . . . .	65
2 Borduurwerk . . . . .	73
3 Pottebakkery . . . . .	73
HOOFSTUK VI	
DIE TRANS-DONAUGEBIED (DUNÁNTÜL) . . . . .	78
1 Houtsierwerk . . . . .	78
2 Borduurwerk . . . . .	78
3 Pottebakkery . . . . .	78
HOOFSTUK VII	
'N AANTAL HONGAARSE VOLKSKUNSMOTIEWE HERKENBAAR IN DIE AFRIKANERPIONIERSKUNS . . . . .	87
ILLUSTRASIES . . . . .	123
KAARTE . . . . .	126
BYLAES . . . . .	127
BRONNE . . . . .	128

## VOORWOORD

Verlede jaar in Oktobermaand is 'n uitstalling in die Pretoriase Kunsmuseum geopen met die titel Hongaarse Kuns en Handwerk. Die tentoonstelling was deel van die Hongaarse volk se vyf en twintigste herdenking van die opstand teen Kommunistiese oorheersing in Hongarye.

Hierdie skripsie het na aanleiding van daardie uitstalling tot stand gekom.

Hierdie skripsie veronderstel nie 'n intensiewe studie oor Hongaarse Volkskuns te wees nie (wat wel in Hongarye self deeglik gedoen kan word, maar nie in Suid-Afrika nie), maar is wel 'n poging om die Volkskuns van my land van herkoms aan Suid-Afrikaners bekend te stel.

Ek wil my dank uitspreek teenoor die Pretoriase Kunsmuseum vir die foto's van die Uitstalling.

In besonder wil ek my opregte dank en waardering uitspreek teenoor dr J C Pretorius vir haar belangstelling in my en in my werk, vir haar vriendelikheid, vir waardevolle wenke en vir tyd aan my afgestaan.

Hierdie skripsie het onder leiding van dr J C Pretorius tot stand gekom.

Pretoria

1982

'N STUDIE VAN HONGAARSE VOLKSKUNS NA AANLEIDING VAN 'N UITSTALLING  
IN DIE PRETORIASE KUNSMUSEUM (OKTOBER 1981)

## I WAT IS VOLKSKUNS

Alvorens daar in diepte ingegaan kan word op die spesifiek Hongaarse aspek van volkskuns, is dit nodig sowel as belangrik om 'n duidelike beeld te kan vorm oor wat volkskuns eintlik werklik is.

Elke volk besit, binne in homself, buiten die werke wat voortgebring word deur sy leidende kunstenaars, die sogenoemde "ware" kunstenaar en die ware "kunswerk", ook nog 'n ander vorm of soort kuns, 'n eenvoudiger soort van nasionale kuns. Hierdie nasionale kuns of volkskuns is niks anders dan kultuurskeppingsdrange wat uitdrukking en vergestaltung vind in die maak van meubels, dekoratiewe houtsierwerk, borduurwerk, kantwerk, pottebakkerij, bou van huise, maak van gereedskappe, religieuse voorwerpe soos byvoorbeeld huisaltare, hout- en kleiwerk ensovoorts. Egte volkskuns is soos Erich Mayer <sup>1</sup> dit stel kensketsend vir die volk van net die een land waarvan die makers die gebore bewoners is.

Wie is hierdie makers? Volkskunsvoorwerpe, hetsy die voorwerp self of slegs 'n enkele afsonderlike versiering word geskep op 'n tradisionele wyse deur vakmanne, boere "(peasants)", herders en vissermanne, sonder dat hulle enige formele opleiding daarvoor ontvang het. Met die beoefening van volkskuns word daar ook nie aansprake gemaak tot 'n hoëre vorm van kuns en tot 'n estetiese waardebeepaling nie (dit is hier nie werklik ter sake nie, hoewel volkskunsvoorwerpe in baie gevalle tog hieraan alleen onderwerp word en dienooreenkomstig esteties geëvalueer word!), maar is die skeppingsvoorwerp die uiteinde van 'n bewuste ontplooiing van 'n verbeeldingskrag. Hierdie verbeeldingskrag lê as't ware "ingesak" in daardie besonderse volksaard en juis daarom is dit so uniek.

Die ware nasionale lewe en kultuur - die wesenlike aard - van 'n volk kom altyd die duidelikste in sy kuns tot uiting, in die volkskuns sowel as in sy fyner kunstenaarskeppinge. Weliswaar is alles wat 'n volk met woekering en arbeid voortbring inderwaarheid 'n "kuns", 'n kunsvaardigheid, met ander woorde waar dit eenvoudig om die beheersing van sy beskikbare materiaal gaan. Myns insiens is dit egter in die volkskuns waar die ware wese van 'n

---

1 E Mayer, Boerenaaldwerk in Suid-afrika, Die Huisgenoot, 1927.12.02, p52

volk lê. Die rede – die volkskunsskepper skep in die eerste plek vir nut en doelmatigheid en nie vanweë 'n hoofsaaklik estetiese begeerte nie. Die wyse waarop hy te werk gaan lê nie net daarin dat hy 'n voorwerp van nut en funksie wil skep nie, maar dat hy gedurende die skeppingsproses die voorwerp so na aan volmaaktheid as moontlik wil bring, en terwyl hy dit doen, vorm en hervorm hy dit sodat dit 'n skoonheid van sy eie aanneem, 'n skoonheid ongewenaar, omdat dit gepaard gaan met 'n vaardigheid, en kennis gekoppel aan 'n onbeheersde en ingebore begeerte om te plesier. Om iets van jouself te neem en dit dan in 'n dooie materiaal te onsluit, het nie net tot gevolg 'n nuttige voorwerp nie, maar wel die bevrediging van arbeid verrig, die verheffing van materie tot 'n geesteswaarde, maar bowenal is dit: "... ook een bron van waarachtig volksgeluk." <sup>2</sup> Die maker skep nie net uit homself nie, maar dit wat hy inderdaad daarstel lê diep gewortel in die wese van die volk, waarvan hy 'n deel is. Hy laat 'n individuele stempel – ja, maar, dieselfde temas, motiewe, tegnieke en stowwe word as skeppingsbron gebruik van geslag tot geslag oor die eeue en selfs duisende jare heen. Verskille wat wel bestaan en aldus opgemerk word spruit voort uit verskille in bekwaamheid en persoonlikheid van die skeppers, sowel as invloede te wyte aan professionele kuns. Essensieël bly volkskuns 'n outonome tradisie van vakmanskap waar die tendens nog sterk bestaan om die eie karakter en tegniek te bewaar. Volkskuns is nie aangewese op die mode en verandering in smaak nie. Metodes word in die ouerhuis oorgedra generasie na generasie, tradisionele ontwerpe en patrone duur voort sonder veel verandering. Die vereniging van die volkskuns skyn afhangende te wees van die voortbesetting van 'n boerebevolking of gemeenskap of enige ander relatief gevestigde sosiale struktuur. Die essensie van volkskuns word deur Alois Riegl soos volg saamgevat:

"... it is created by the needs of home production, the humblest of the diverse forms of production." <sup>3</sup>

Volgens Riegl is huishoudelike kuns en handwerk, met ander woorde dit wat voorsienend is vir die behoeftes van 'n geïsoleerde familie en wat met ornamentasie en versiering geskied, onafhanklik van die verruiling of van die handeldrywing daarvan met andere. Hierdie vorming en versiering van artikels het nie verander nie, maar met verloop van tyd het hierdie familie vergroei tot 'n familiestam en uiteindelik tot 'n nasie. Volkskuns is:

---

2 A Teenstra, Nederlandsche Volkskunst, p1

3 Helmuth T Bossert, Folk Art of Europe, p3

"... in its essence the sum total of the traditional art forms common to a particular people. It is the result of a desire for ornamentation and is produced by the people in their homes under the economic and industrial conditions in force when such home industry flourishes - home industry and folk art being inter-dependent." 4

Vir die volkskunskepper is ornamentasie belangrik. Die lewensfilosofie van die boere dateer terug tot voor die Christelike tye. In die primitiewe kuns is niks toevallig of sonder betekenis nie.

Slegs in die "gestileerde" kuns het die dekoratiewe vorms lewelose ornamente geword, wat hulle oorspronklike betekenis en belangrikheid verloor het. Die folkloristiese gedagte sluit nou by volkskuns aan. (Kyk hieronder P3)

Benewens andere besit volkskuns twee besondere kwaliteite - die eerste skyn te wees die uiters lewendige en treffende gebruik van kleur en tweedens die uiters delikaatheid asook fynheid daarvan, wat gepaardgaan met soveel sorg, liefde en toewyding. Ware volkskuns is ongetwyfeld die produk van materiale en kleurstowwe lokaal binnenshuis deur die boer self vervaardig volgens 'n unieke volksresep, en waar hy aangewese is op die plantprodukte en grond tot sy beskikking.

Soos reeds in die begin van die hoofstuk gesê is daar binne elke volksbesit 'n ander vorm van kuns naamlik, volkskuns en is daar voorbeelde van volkskeppinge genoem. Volkskuns strek egter myns insiens verder as net bloot die drang om volksvoorwerpe te skep. Hiermee bedoelende die wese van volkskuns waartoe alle ou oorgeërfde volksversies, wysies, sprokies, legendes ensovoorts behoort (kyk hieronder P3).

Met ander woorde volkskuns kring wyer en dit is juis hier waar die aspek van folklore inkom. Myns insiens is folklore die allesoorkoepelende in die wese van 'n volk en vorm die volkskuns slegs 'n gedeelte daarvan. Theodore H Gaster definieer folklore as volg:

"Folklore is that part of a people's culture which is preserved, consciously or unconsciously, in beliefs and practises, customs and observances, of general currency; in myths, legends, and tales of common acceptance; and in arts and crafts which express the temper and genius of a group rather than of an individual." 5

Hieruit afleidend kan gesê word dat die volkskuns ingebore lê in die folklore. Waar folklore ook 'n tradisionele skeppingsproses daarstel, wel in die vorm van klank, met as medium die gesproke woord, is die volkskuns ook 'n tradisio=

---

4 Helmuth T Bossert, Folk Art of Europe, p3

5 Maria Leach (red) ea, Dictionary of Folklore, Mythology and Legend volume one: A-I, p399



nele skeppingsproses. Die volkskunsskeppingsdrang vind sy oorsprong in die denke van die mens. Die denke van die mens synde te wees die mens self; die mens se gees. Dit verklaar duidelik waarom volkskuns beskou word as 'n vergestaltung van oeroue beelde en idees wat geneties binne 'n volk oorerflik is en wat deur die taal van die onderbewussyn herverskyn in 'n persoonlike en simboliese vorm en wat gevolglik die essensiële kenmerke van daardie volk dra. Die gedagte ontstaan in die wese van die mens as deel van 'n eie unieke volkskultuur en word dan in konkrete vorm vergestalt deur menslike hande. Essensieël is dit dus die folkloristiese gedagte wat vergestalt word. Hierdie gedagte sluit vir my in wese relatief gesproke nou aan by die argetipes soos deur C G Jung <sup>6</sup> gesuggereer.

Folklore omsluit mites, legendes, volksverhale, volksliedjies, bygelowe van bykans alle soorte, tradisionele speletjies en sêgoed, idiome, raaisels, verse asook die volgende:

"Wherever in many callings the knowledge, experience, wisdom, skill, the habits and practises of the past are handed down by example or spoken word, by the older to the new generations without reference to book print or school teacher." <sup>7</sup>

Hierin is die volle spektrum van volkskuns geleë.

Graag wil ek ten slotte in aansluiting met die komende hoofstukke oor Hongaarse volkskuns, enkele folkloristiese verskynsels noem wat bestaan onder die Fins-Oegriese volkere, <sup>8</sup> waaronder die Hongaarse volk resorteer. Die Fins-Oegriese volkere besit 'n ryk en vrugbare folklore en 'n goed ontwikkelde mitologie. Invloede van die Skandinawiërs en Russe is van besonder belang. Daar bestaan onder andere 'n sterk verering van watergode. Daar is dergelike religieuse verskynsels soos die verering van die beer, Sjamanisme en dikwels ook 'n geloof in die god van die hemel as synde die allerhoogste godheid te wees. Ek moet egter sê dat hierdie uiters heidense verskynsels is, en dat dit hoogs onwaarskynlik is dat hierdie en dergelike ander verskynsels wel tans in Hongarye nog bestaan - miskien wel by enkele uitsondering tog - aangesien die Hongaarse volk reeds eeue gelede tot die Christendom bekeer is.

---

6 C G Jung, The Structure and Dynamics of the Psyche, pp200-216

7 Maria Leach (red) ea, Dictionary of Folklore Mythology and Legend volume one A-I, p398

8 Maria Leach (red) ea, Dictionary of Folklore Mythology and Legend volume one A-I, p387

HONGARYE - AS DEEL VAN DIE EUROPESE SUB-KONTINENT



(B M WILLETT (red). Philips' International Atlas

## II ONTWIKKELING VAN DIE HONGAARSE VOLKSKUNS

### 1 Vestiging 896 n C

Die Hongaarse volk of die Magyars soos hulle ook genoem word (Magyar synde die Hongaar te wees in die Hongaarse taal en Magyarország, die land Hongarye) behoort tot die Fins-Oegriese familie.

Die Fins-Oegriese familie kan mens verder onderverdeel in vyf kleiner groepe waarvan die eerste die Oegriese groep is en hieronder val die Magyars, die Ostyaks en die Voguls. Die gebied van herkoms van die Magyars sowel as die van sy bure was die gebied tussen die Volgarivier en die Oeralgebergtes. Dit is verder ook interessant om te weet dat "Ugra" waarvan Oegries afgelei is, die ou Russiese woord was vir die gebied wes van Siberië.

Die geskiedenis van Hongarye begin egter in 896 n C toe die Magyars, toe alreeds 'n nomadiese stam van perderuiters, die gebied wat vandag Hongarye is binnegeval het. Met hul binnekoms het hulle alreeds 'n buitengewone dekoratiewe kuns van hul eie gehad, 'n kuns wat in wese net soos hulle taal verskil het van dié van die Fins-Oegriese groep, wat ook deelgehad het aan die volksverskuiwing (The Great Migration).<sup>9</sup>


Talryke voorbeelde van hulle kuns het behoue gebly. Dit sluit onder andere in metaalvoorwerpe soos swaarde, lamineerde plaatjies vir sabelsakke ensovoorts, maar die mees rare voorwerpe wat wel behoue gebly het, was voorwerpe uit gekerfde been. Hierdie voorwerpe was besonder ryklik versier en daarom is dit nie beskou as synde 'n geïsoleerde geval te wees nie, maar is daar volgehou met die veronderstelling dat verdere versierings soos daardie wel ook op tekstielware, leervoorwerpe en selfs op huishoudelike houtvoorwerpe aangebring moes gewees het. Selfs gedurende die kersteningstyd in Hongarye en waartydens kerke opgerig is, is daar gepoog om hulle eie tradisionele motiewe dienooreenkomstig aan te pas, deur hulle op die steen uit te kerf.

"Gelowe" karakteristiek van die antieke Sjamanisme het behoue gebly oor al die gebiede wat deur die Hongare bewoon is. Hierdie "gelowe" maak 'n integrale deel uit van die Hongaarse folklore. 'n Motief afkomstig van 'n oeroue populêre Hongaarse "geloof" - naamlik dié van 'n boom wat tussen sy takke die son en die maan huisves - herinner aan die bostuklose boom wat hemelwaarts strek. Dit vind mens in talle variasies uitgegraveer op soutvaatjies van horing

---

<sup>9</sup> T Hofer ea, Hungarian Peasant Art, p38


asook op die sweepstokke van die herders van die Groot-Vlakte (Nagyalföld). Die vorms van sommige grafstene uit hout wat te sien kan word oor 'n oorwegend groot gebied, dateer vermoedelik terug tot 'n voorhistoriese seremoniële tyd (sien figure 1 en 2). Tog word sekere van daardie daaglikse primitiwiteite vandag deur die Hongaarse volk as deel van hulle antieke erfenis beskou. Dus, die vate gemaak van boombas verwys terug na die eertydse Hongaarse volkskuns. Die soutvaatjies (sien figuur 3) van buigsame bas gemaak deur die Hongaarse boere van die Trans-Donagebied (Dunántúl), van die Hooglande (Felvidék) en of van Transylvanië is stamverwant aan gelyksoortige skeppings van die Fins-Oegriese volkere. Soos dit die geval is met die meeste antieke voorwerpe is dit die wyse van vervaardiging daarvan, wat dan ook terselfder tyd aan die voorwerp sy versierde voorkoms gee.



Figuur 1


Grafstene van kinders in die Calvinistiese begraafplaas te  
Veröcemaros, Pest

(T Hofer en E Fél, Hungarian Folk Art)



Figuur 2

Grafstene met die simboliese houtvorms - die Hooglande (Felvidék)  
(T Hofer ea, Hungarian Peasant Art)



Figuur 3

'n Soutvat soos gemaak deur die Hongaarse boere van die Trans-  
Donaugebied (Dunántúl), die Hooglande (Felvidék) en of van  
Transylvanië

(T Hofer ea, Hungarian Peasant Art)

## 2    Middeleeue

Die periode wat direk gevolg het op die Hongaarse besetting het groot verandering in die lewens van die veroweraars teweeggebring. Hulle kon hul tradisionele lewenswyse nie meer handhaaf nie en moes dit gevolglik opgee of anderssinds uitsterwe soos dit die geval was met vele ander groepe nomadiese perderuiters. Die Magyars het egter by hul nuwe omstandighede aangepas, hul koninkryk op die Westerse model gebaseer en hulself tot die Christendom laat bekeer. Die Christelike beskawing het met talryke om=paadjies die Hongaarse volk bereik. Die veroweraars van hierdie landstreek het die tradisies van die Roomse epog en ander antieke kulture aangeneem. So het denkwyses en vaardigheidsprosedures die land binnegekom ook via die verskillende naburige Slawiese volkere. Die Hongaarse volk is deur 'n goue handelsroete verbind met die Ooste en Weste. Dit is interessant dat die inskripsie op die kroningskleed van die Hongaarse konings in Latyn is, terwyl die ornamentele styl en die tegniek waarmee die goue borduurwerk verrig is, beide Bisantynse karakter toon. Daarteenoor bewys kunsoorblyf=sels van hierdie eeue dat die stimulus ontvang van die Italiaanse, Dalma=tiese en Franse kuns – wat in wese ook gedeeltelike invloed van die Bisan=tynse styl getoon het – baie meer betekenisvol was dan die direkte invloed van Bisantium. Die Duitse invloed het eers werklik sy verskyning gemaak in die tweede helfte van die Middeleeue. Daar is byvoorbeeld geen Duitse leenwoorde opgeneem in die Hongaarse taal van die vroeë Middeleeue nie. Die Middeleeuse styl het 'n blywende merk gelaat op die Hongaarse volkskuns. Die blou en rooi kleurkombinasies te sien op meubels en handwerk dateer terug tot die Middeleeue. Bykomend tot die verskillende vorms van die voorwerpe, was dit juis in besonder die reeks geometriese ontwerpe ontleen vanuit 'n Middeleeuse karakter, wat 'n onafskeidbare deel uitgemaak het van die Hongaarse boerekuns. Sy aan sy en hand aan hand met plante en blomme in verskillende vertakkingsgrade en met rankplante, het die saamgedronge ontwerpe van streng lyne ook behoue gebly op verskillende voorwerpe. Hier= die geometriese tipe van ontwerp verleen aan die voorwerp 'n eie tydlose karakter. Voorwerpe soos onder andere spoelgewigte (sien figuur 4) en ook skopgrawe vir die grawe van grafte gebruik, afkomstig van die Kalotaszeg distrik, Transylvanië (sien figuur 5). Ornamente versier met swastikas en rosette het behoue gebly as voorwerpe afkomstig van verskillende streke by= voorbeeld in die Trans-Donaugebied (Dunántúl) op 'n wynpars en in die Kalotaszeg gebied op 'n skoffelpik-skoonmaker (sien figuur 6). Die klerekiste van hout is 'n goeie voorbeeld van die natuurlike harmonie wat geheers het tussen die voorwerp en die argaiese versiering soos ook ontleen vanuit die Middell= eeue.

Die groot meerderheid motiewe wat uitgevoer is en steeds uitgevoer word op die populêre handgeweefde klede is ook van Middeleeuse afkoms. Die mees antieke soort ontwerp was die populêre stermotief en is die teenstuk van ornamente, wat mens verteenwoordig sien op dieselfde klede in die triptieke en muurskilderinge van die Middeleeuse Hongarye. Dit kan ook gesien word op die tafeldoek wat met die Laaste Avondmaal gebruik is, sowel as die kleed waarmee Pilatus sy hande afgegee het.

Meer gekompliseerde patrone is beoefen deur vyftiende eeuse wewers. Hul dra name van Italiaanse of Duitse oorsprong (Barchent en Bakacsin, di bocaccino). Hierdie patrone wat, hoofsaaklik 'n voël- of 'n pelikaanmotief daarstel (sien figuur 7) het essensieël deel geword van die Hongaarse volksornamentasie. Opgrawings het aangetoon dat daar 'n betekenisvolle evolusie plaasgevind het in die kulturele lewe van die Hongare gedurende die Middeleeue. 'n Groot verskeidenheid groottes en vorms kleipotte asook geglasuurde borde en glasvoorwerpe is onder andere opgegrawe.

### 3 Turkse Besetting (1526 n C) - Renaissance

Die opbloei wat begin het in die Middeleeue was wreed onderbreek deur die honderd en vyftigjarige besetting van die Turke. Met die val van die hoofstad Buda (1541), is die land verdeel in drie dele.






Figuur 4

’n Voorbeeld van ’n Spoelgewig


(T Hofer ea, Hungarian Peasant Art)



Figuur 5

’n Voorbeeld van ’n Skopgraaf uit die distrik, Kalotaszeg in Transylvanië


(T Hofer ea, Hungarian Peasant Art)



Figuur 6

'n Voorbeeld van 'n Skoffelpik-skoonmaker afkomstig uit die Kalotaszeg gebied

(T Hofer ea, Hungarian Peasant Art)



Figuur 7

'n Voorbeeld van 'n ornamentele patroon met 'n voël- of 'n pelikaanmotief

(T Hofer ea, Hungarian Peasant Art)

Die sentrale deel van die land, d i die Groot-Vlakte (Nagyalföld) en 'n gedeelte van die Trans-Donaugebied (Dunántúl) en 'n gedeelte van die Hooglande (Felvidék) het onder Islamitiese heerskappy geval. Die Koninkryk van Hongarye is teruggedryf tot in die noord-westelike hooglande en in die westelike grensgebiede van die Trans-Donaugebied. Terselfdertyd het die oostelike streke van die land 'n afsonderlike staat naamlik die Vorstedom van Transylvanië geword. Hoewel al die streke voortdurend <sup>deur</sup> met aanvalle en verwoesting geteister is, was dit egter die gebiede direk onder Turkse juk gebring, wat die swaarste deurgeloopt het. (Uit die een en sestig gemeenskappe van die Békés Graafskap het slegs vyftien daarin kon slaag om te oorleef). Talle ander voorbeelde getuig van die verwoesting wat aangebring is. Die Hongaarse bevolking van byvoorbeeld die suidelike streke het omtrent almal uitgesterf. Die bevolking in die kleiner dorpies was egter die meeste geaffekteerd.

Gedurende daardie honderd en vyftig jaar het die lewensstandaard van die boere aansienlik verswak teenoor wat dit was in die laat Middeleeue. In sommige areas kon die boere skaars enige meubels besit uit vrees dat die belastingheffers hulle as te ryk sou reken. Dus het die vaardigheidskuns van die skrynwerkers ten opsigte van landelike benodighede nie ontwikkel tot eers in die agtiende of selfs in die negentiende eeu nie, hoewel data daarop wys dat die boere aan die begin van die sestiende eeu alreeds kiste gebruik het wat deur skrynwerkers vervaardig is. Aan die ander kant het hierdie ongelyke ontwikkeling, tydens daardie rampspoedige eeue gekenmerk met soveel slagting, verwoesting, onsekerheid en met soveel vrees, bygedra tot die kulturele uiteenlopendhede in voorkoms van die verskillende landstreke. Ten spyte van die verwoestings en plundering het die eeu en 'n half waartydens die Hongaarse volk saam met die Turke geleef het, daartoe bygedra dat kontakte op kulturele gebied aansienlik toegeneem het. Die Hongare was volgens historiese bronne baie ingenome met van die Turkse ware soos die kleurvolle sy kaftans en gouborduursels sowel as saalsakke, wapens, matte en keramiek. Noemenswaardige ware afkomstig uit Turkse pottebakkerie is op Hongaarse bodem gevind. Daar is ook Turkse produkte wat die Hongare aangepas het by hulle smaak. Die grootste gedeelte Turkse borduurwerk of dié wat herinner aan 'n Turkse styl kan gevind word op die klede, wat spesiaal ontwerp is vir gebruik vir die Nagmaalstafel en die Nagmaalsbeker, asook om die brood mee te bedek in die Protestantse Kerke (sien figuur 8 en illustrasie 9).

'n Groot aantal motiewe en soorte handwerk wat selfs tot onlangs nog in gebruik is, toon ooreenkomste en invloede. Stylmotiewe van die Turke kan oor die hele land gevind word, maar dikwels kan dit eerder op Transylvaniese

geborduurde linne gesien word. Turkse keramiekware het ook sy merk gelaat op dié van die Hongare. Die vorms van sommige waterkruike - met 'n saamgeperste mondgedeelte en met 'n tuit op die handvatsel - toon Turkse invloed, so ook die "gaatjiesroset" op die maaggedeelte van die ander kanne. <sup>10</sup>

Hierteenoor is daar 'n hele aantal ornamentele elemente en tegnieke waarby mens dit moeilik vind om die herkoms vas te stel - hetsy 'n Turkse erfenis of 'n westerse invloed of daarmee saam 'n rykdom van ander Renaissance patrone. Invloed vanaf die Renaissance was duidelik sigbaar aan die koninklike hof in Buda alreeds in die veertiende eeu (aanvanklik), maar duidelik in die vyftiende eeu.

Dit het die boeregemeenskappe egter eers in die sestiende eeu bereik - omstreeks die tyd van die Turkse besetting.

Met ander woorde talryke oosterse elemente versprei in Westelike-Europa daarmee saam die Renaissance styl kon Hongarye binnegedring het vanaf beide die ooste en die weste. Die granaat- en angeliemotiewe behoort tot hierdie kategorie en wat keramiek aanbetref die "sgraffito" tegniek (sien illustrasies 10, 11, 12 en 13) sowel as die gebruik van die pipet (sien figuur 14). *verduidelik.* Hongaarse naaldwerksters het van die Turkse ontwerpe geneem en dit gewysig sodat dit met die Europese dekoratiewe ideaal moes harmoniseer, terwyl hul hul smaak, so verhoog deur die oosterse ornament, dan ook die oorhand laat kry het op die patrone vanaf die weste. Hierdie tweeledige invloed, hierdie doelbewuste seleksie wat gelei is deur hul plaaslik tradisionele stylgevoel, het die karakteristieke Hongaarse Renaissance tot gevolg gehad.

Volgens publieke mening word dit steeds beskou as die mees egte nasionale styl.

Westelike invloed gedurende daardie tyd was nie net afkomstig van een land nie, maar die rol van die Italiaanse meesters kan uitgesonder word. Die name gegee aan sommige dekoratiewe elemente soos onder andere "Italiaanse waterkruik" en "Italiaanse krans" toon hierdie bewussyn.

Later, vanaf die sewentiende eeu en verder het die artistieke invloed van die Duitse laat-Renaissance sy kop begin uitsteek, veral in die meubelmakery.

In die gebiede wat nie deur die Turke beset was nie, is daar buiten die Italiaanse invloed ook nog dié van die sogenoemde "Haban" pottebakkers wat

---

10 T Hofer ea, Hungarian Peasant Art, p43

vanaf die Bodensee gebied hulle in Hongarye kom vestig het. Hul faience toon onderskeidelik elemente van Noord-Italiaanse, Duitse en Hollandse invloed (sien illustrasies 15, 16, 17, 18 en 19).

Die Renaissance het lank geduur in Hongarye. Wat die volkskuns aanbetref is volksvoorwerpe geskep in 'n egte Renaissance tradisie of gees selfs tot in die eerste helfde van die negentiende eeu. Die styl van die Renaissance het sy merk beslis en duidelik gemaak op die hele spektrum van die Hongaarse dekoratiewe volkskuns. Nie net alleen is motiewe en vorms, maar wel ook nuwe tegnieke ten opsigte van versiering asook volledige komposisionele skemas opgeneem. Ons sien dit byvoorbeeld in die ornamentasie van die meubels, pottebakkerie en borduurwerk sowel as in die houtsneewerke van die herders. In die kleredrag is dit ook duidelik waarneembaar.<sup>11</sup>

#### 4 Barok, Rococo, Klassisisme


Alhoewel die styl van die Renaissance diep ingewortel gelê het in die Hongaarse bodem, waar dit verandering ondergaan het tot 'n eenvormige Hongaarse styl, kon die daaropvolgende styl tendense nie vergroei tot 'n gelyksoortige stroming in die dekoratiewe volkskuns nie, alhoewel die volk weer eens herenig was. Die nuwe styl het vir 'n kort wyle verskyn, hier en daar, maar net as kortstondige modetrante wat weer net so vinnig deur ander vervang is. Dus, in die Groot-Vlakte het die keurslyf van die Rococo sy verskyning gemaak met die draai van die agtiende en negentiende eeue; 'n honderd jaar later, nadat dit versprei het onder die Hongare van die Hooglande, het dit in die distrik Kalotaszeg in Transylvanië verskyn!

In die Trans-Donaugebied kon die Barok en Rococo 'n vaster voet vind en het dit redelik lank populêr gebly. Die beste voorbeelde is te sien onder die gesnede hardehout meubels, waar mens Barok stoele vervaardig aan die begin van die agtiende eeu vind, en ook dié vervaardig gedurende die tweede helfte van die negentiende eeu, met dieselfde styl weer eens herbevestig.

Die Hongaarse smaak was meer vatbaar vir die klassieke styl (einde van die agtiende en begin van die negentiende eeu). Sommige kenmerke van hierdie periode het hul verskyning ook gemaak in die volksdrag, soos byvoorbeeld in die hoë middellyn van die Ormánság in die Baranya Graafskap.

---


11 T Hofer ea, Hungarian Peasant Art, p44



Figuur 8

'n Voorbeeld van Turkse borduurwerk soos gebruik in Protestantse kerke.

(T Hofer ea, Hungarian Peasant Art)



Illustrasie 9

Gedeelte van 'n borduursel vir 'n altaarstuk. Negentiende eeu, Wes-Hongarye

(H T Bossert, Folk Art of Europe)



Illustrasie 10

Waterkruik in "sgraffito" tegniek, 1799 n C  
(H T Bossert, Folk Art of Europe)



Illustrasie 11

Waterkruik in "sgraffito" tegniek, 1788 n C  
(H T Bossert, Folk Art of Europe)



Illustrasie 12


’n Bord in "sgraffito" tegniek, 1805 n C  
(H T Bossert, Folk Art of Europe)



Illustrasie 13

’n Bord in "sgraffito" tegniek  
(H T Bossert, Folk Art of Europe)





Figuur 14

'n Voorbeeld van 'n pipet


(T Hofer ea, Hungarian Peasant Art)



Illustrasie 15

'n "Habaner" teël, Hongarye

(H T Bossert, Folk Art of Europe)



Illustrasie 16

Patroon van 'n "Haban" vloer, Italiaanse invloed, sewentiende eeu  
(H T Bossert, Folk Art of Europe)



Illustrasie 17

Faience 'Habener' waterkan  
(H T Bossert, Folk Art of Europe)



Illustrasie 18

Faience "Habaner" waterkan, 1694 n C

(H T Bossert, Folk Art of Europe)



Illustrasie 19

Faience "Habaner" waterkan, agtiende eeu

(H T Bossert, Folk Art of Europe)

## 5 Ontwikkeling van Boerestyle

Voorwerpe wat die herinneringe van die verlede herroep is in die vergange oorlogsgeteisterde eeue verwoes. Die oudste voorbeelde van volkskuns bewaar gebly in hul oorspronklike vorm, dateer terug tot en met die sewentiende eeu, maar hul getalle is gering (sien figuur 20). Terwyl, mens weereens kon praat van 'n opbloeiing ten opsigte van die vervaardiging van volksvoorwerpe in die daaropvolgende eeue, was die massa etnografiese materiaal in Hongaarse museums, insluitende die dekoratiewe voorwerpe, egter in die negentiende eeu vervaardig. In 'n sekere mate simboliseer hierdie verhouding die werklike historiese ontwikkeling.<sup>12</sup> Vanaf die agtiende eeu nadat die Turke uitgedryf is, kon die boerestand, hoewel hulle nou onder die juk van slawerny gebuk moes gaan, maar nogtans tog 'n relatief vreedsame lewe kon lei, redelik standvastig ontwikkel. Die produksie van dekoratiewe voorwerpe het dienoooreenkomstig vermeerder. Die groeiende verskeidenheid van handvoorwerpe, gekoppel aan feestelike gebruike, was 'n kenmerkende manifestasie van die welvaart van die boerekultuur.

In hierdie periode het talryke nuwe variasies die bestaande voorraad tradisionele voorwerpe - in gebruik dwarsoor die land, of ten minste in die groter gedeeltes daarvan vir 'n hele aantal eeue - verder aangevul. Met betrekking daartoe vind ons byvoorbeeld die kers tafeldoek of dan ook die laken wat die bed van 'n vrou tydens haar bevalling bedek het.<sup>13</sup> Die rol wat hierdie luukse bykomstighede gespeel het, het egter verskil van streek tot streek, selfs ook van boeredorpie tot boeredorpie. Hieronder kan talle voorwerpe genoem word, onder andere die groot verskeidenheid erdewerk kruike. Hulle was so kenmerkend van die Groot-Vlakte en het hul toppunt alleen in die moderne tye bereik. Die onderskeid gemaak in die woongebruike, het gelei tot die totstandkoming van 'n afsonderlike "skoon kamer" - d i, die "beste kamer" of soos in Hongaars die "parádés szoba" in die kothuise van die boere (sien in dié verband illustrasie 30). In hierdie "beste kamer" het geen siel gewoon nie, nog minder is beuselagtige werkies daarbinne verrig, maar is dit in absolute voorbereiding gebring en so behou vir feestelike geleenthede.<sup>14</sup> Dit verskil van die gewoonte soos wat dit toegepas is in die negentiende eeu, waar die kamer slegs vir uitsonderlike groot feesdae so voorberei is. Die totstandkoming van hierdie kamer illustreer

---

12 T Hofer ea, Hungarian Peasant Art, p45

13 T Hofer ea, Hungarian Peasant Art, p46

14 T Hofer ea, Hungarian Folk Art, p46

die moderne tendens naamlik om te wil versier - met verskeie soorte van voorwerpe - onafhanklik van besonder gestipuleerde feesgeleenthede. Die opbloeï in die landelike lewe het ook tot gevolg gehad 'n meer bepalende laagvorming in die boeregemeenskappe, wat dan ook gevolglik in hul dekoratiewe kuns weerspieël is. Aansienlike verskille het tot stand gekom in die verskillende streke.

Die verskyning van die boerestyle het 'n weergalose verskeidenheid vorms en kleur in die Hongaarse volkskuns ingebring. Voorheen was daar 'n minder merkbare verskil in die kleredrag en die dekoratiewe kuns van die verskillende streke, waar die inwoners almal dieselfde eentonige lewe gelei het. Te same met die ontwikkeling van die kleurvolle boeredrag, die algemene swang in die beskildering van meubels en in die bak van geglasuurde keramiekware, het die volkskuns van die verskillende streke en somtyds ook dié van die verskillende dorpies elk 'n kenmerkende eienskap van hul eie bekom. Hoe ouer 'n eienskap in die Hongaarse dekoratiewe volkskuns, hoe wyer kan sy geografiese verspreiding kring. Die verskillende boerestyle het verenig en tradisionele elemente is ontwikkel van uiteenlopende ouderdom sowel as oorsprong, dikwels deur die eeue heen oorgedra met wisselende inhoud. In die boerewoning dui die beskilderde katel op die smaak van 'n moderne tyd, terwyl die patrone geborduur op die kussings 'n Middeleeuse erfenis is. Op die kruikstander staan die ou ongeglasuurde kruik neffens die nuwerwetse geglasuurde waterbeker. Selfs een en dieselfde voorwerp mag motiewe van verskillende oorsprong besit, wat in perfekte harmonie verenig is. Byvoorbeeld die geval met 'n stoel waarvan die buitelyne Barok is en die versiering geometriese rosette daarstel. Somtyds is tegnieke van verskillende periodes en oorsprong naasmekaar gebruik.


Dus is die skaapvel jas ("ködmön") en die duffelbaadjie ("szür") van die Trans-Donaugebied albei met applikeewerk sowel as met borduurwerk versier. Die snit van die skaapvel mantel ("suba") en van die duffelmantel het sonder verandering gebly, terwyl die versierings wel met modeveranderings tred gehou het (sien illustrasies 21, 22, 23 en 24). Die historiese verlede van sekere motiewe of beginsels van versiering, het wyd van hul etnografiese een verskil. Sommige voorwerpe of versierings is gevestig in sekere streke gedurende 'n baie vroeë jaartal en het stadige veranderinge in die daaropvolgende eeue ondergaan. Voorbeelde hiervan is onder andere die houtkiste. Sommige elemente van die dekoratiewe volkskuns mag ontleen wees aan die hoëre sosiale klas en aan die kerk. Die rol wat die laer adelstand gespeel het, was 'n uiters belangrike een.

Soos in die vorige gedeeltes alreeds genoem, is 'n hele paar motiewe en of selfs tegnieke in die Hongaarse volkskuns opgeneem, hetsy afkomstig van 'n direkte etniese kontak of via die naburige Slawiese volkere.

Die "Miska" bekere (soos die Engelse "Toby") van die Groot-Vlakte dateer terug tot ver in die verlede. Die "Miska" bekere stel 'n menslike figuur voor. Kruieke met menslike figure daarop dateer terug tot die pre-historiese tye. Na die Romaanse Janus kruieke verskyn daar in die Middeleeue 'n beker, wat 'n menslike kop daarstel. Hierdie tipe beker was deurgaans oor 'n wye area so gewild en kon daarom die stimulus gewees het, wat aanleiding sou kon gee tot die latere skepping van die "Miska" bekere.<sup>15</sup> (Sien illustrasies 25 en 26)


---

15 T Hofer ea, Hungarian Folk Art, p43



Figuur 20

Oudste vorm van volkskuns bewaar gebly ca 1600 n C  
(H T ea, Hungarian Peasant Art)



Illustrasie 21

Herder met n "szur" op die keersy van n spieelkas met inlegwerk  
aangebring in rooi, groen en swart.  
Vrugtehout, 615 cm  
Afkomstig van die "Megye", d i, die Graafskap, Somogy  
(T Hofer ea, Hungarian Folk Art)



Illustrasie 22

Man geklee in 'n "suba" (kerkdrag).  
Afkomstig vanuit Decs in die "Megye", d i, die Graafskap, Tolna  
(T Hofer ea, Hungarian Folk Art)





Illustrasie 23

Herder in sy "szür"  
Afkomstig vanuit Hortobágy in die "Megye", d i, die Graafskap,  
Hajdú-Bihar

(T Hofer ea, Hungarian Folk Art)



Illustrasie 24

Borduurwerk soos gesien op 'n skouergedeelte van 'n "suba". Die kleur van die leer is geel en die borduurwerk is uitgevoer met borduurwol in donker- en liggroen, rooi, geel, blou, pers, swart en wit. 40 cm.

Afkomstig vanuit Kiskunmasjsa, in die "Megye", d i, die Graafskap, Bács-Kiskun.

(T Hofer ea, Hungarian Folk Art)



Illustrasie 25

'n "Miska" wynbeker gemaak van loodgeglasuurde pottelbakkersklei in Mezöcsár, in die "Megye", d i, die Graafskap, Borsod-Abaúj-Zemplén. 1848, 37 cm

Kleure: geel-wit agtergrond met bruin, oker, groen en geel

(T Hofer ea, Hungarian Folk Art)



Illustrasie 26

'n "Miska" wynbeker gemaak van loodgeglasuurde pottebakkersklei in Mezöcsár, in die "Megye", d i, die Graafskap, Borsod-Abaúj-Zemplén. 1833, 32 cm

Kleure: geel-wit agtergrond met rooi, oker, groen en bruin

(T Hofer ea, Hungarian Folk Art)

BOEREGEMEENSKAP EN VOLKSKUNS

"Folk art is generally thought of as the art of the creation and decoration of useful objects". 16

Volgens Hofer sou mens na deeglike bestudering van die volkskunsvoorwerp vinnig tot die slotsom kom dat die verband tussen die bruikbaarheid en die kunsvaardigheid van 'n voorwerp glad nie so eenvoudig skyn te wees, soos dit in die bogenoemde gedeelte na vore kom nie. Die groot hoeveelheid alledaagse kunsvoorwerpe in die boerewonings is gewoonlik almal maar relatief eenvoudig wat vorm aanbetref. Daardie voorwerpe waaraan eksklusiewe aandag verleen is, is wel die voorwerpe wat in werklikheid nie in die daaglikse lewenspraktyk gebruik word nie. Die aanbring van 'n versiering op 'n voorwerp of die skep van 'n besonder mooie vorm is iets bykomstigs wat die voorwerp addisionele waarde gee.


Indien die geleentheid hom sou voordoën vir 'n keuse tussen die twee, dan sal die keuse outomaties val op die ornamentele, eerder dan die alledaagse. Met ander woorde die voorkeur neig tog maar in 'n rigting - selfs wat funksionele artikels aanbetref - van 'n estetiese sowel as van 'n vitale waarde.

Daar is ook gevaar van 'n brandpunt wat kan ontstaan tussen die enersyds, estetiese behoefte (om te versier) en die andersyds, funksionele behoefte (om te gebruik). Dit spreek vanself dat ryklik versierde dekorasies op gebruiksvoorwerpe of delikate vorms van gebruiksvoorwerpe nie sal kan deug as dit kom by die elke dag fisiese hantering daarvan nie. Funksioneel sal hulle dus te kortskiet. Verder sou die daaglikse gebruik daarvan die versierings verniel en ook die algemene skoonheid van die voorwerp belemmer. Op sommige skoffelpikke (sien illustrasies 27 en 28) sien mens die verwering as gevolg van herhaaldelike gebruik duidelik, terwyl ander weer oor 'n fyn netwerk versierings beskik. Dieselfde beginsels geld byvoorbeeld vir die geborduurde kussingslope. Indien dit na voltooiing, slegs eenkeer deur die boervrou gewas sou word, sou sommige van die aantreklikheid alreeds verlore wees. Om die rede is gebruik gemaak van 'n plaasvervanger: 'n ander eenvoudiger kussingsloop (sien illustrasies 29 en 30).

Die gegroefde houtplanke wat gebruik is om noedels mee te maak, kon nagemaak word deur pottebakkersklei te gebruik (sien illustrasies 31, 32, 33 en 34).


---

16 T Hofer ea, Hungarian Folk Art, p10



Illustrasie 27

'n Skoffelpik versier met kerfwerk.  
Vrugtehout, 16 cm  
Afkomstig vanuit Bogártelke  
(T Hofer ea, Hungarian Folk Art)



Illustrasie 28

'n Skoffelpik versier met kerfwerk  
Vrugtehout, 15,8 cm  
Afkomstig vanuit die Kalotaszegdistrik  
(T Hofer ea, Hungarian Folk Art)

Mens moet in gedagte hou dat die teenstrydigheid wat bestaan ten opsigte van die versierings op en die praktiese aanwending van 'n voorwerp, die versiering sy trefkrag verloor wanneer die voorwerp gebruik word, terwyl dit eers werklik openbaar word wanneer die voorwerp uitgestal of vertoon word. Dit is belangrik om 'n onderskeid te maak tussen die geringe aantal huishoudelike items en die groot aantal volksvoorwerpe spesiaal ontwerp vir feesgeleenthede en seremonies. Daar is 'n duidelike verskil tussen die meer intieme voorwerpe vir private gebruik en die verteenwoordigende voorwerpe:

"... intended for the eyes of others." <sup>17</sup>

aldus Sigurd Erixon.

In werklikheid is daar egter geen strenge skeidsmuur tussen die twee "soorte" voorwerpe nie. Die belangrikste rede aangevoer vir die vraag, waarom 'n doodgewone alledaagse gebruiksvoorwerp omskep is in 'n feestelike, seremoniële of selfs rituele voorwerp, is naamlik dat dit in die estetiese waarde daarvan gelê het – die waarde wat geheg is aan 'n spesifieke vorm of spesifieke versiering. Dit is so dat die boere hul voorwerpe met besondere sorg, toewyding en vakmanskap geskep het, wat vorm en voorkoms betref, en dat dit ook waar is, dat die uitsonderlike vorms en pragtige versierings die voorwerpe uitgelig het:

"... into what might be described as symbols of themselves". <sup>18</sup>

Hierdie onderskeiding is veral duidelik waarneembaar wanneer twee vorms van dieselfde voorwerp bymekaar gesien word. So byvoorbeeld die herderstaf – die een ordinêr vir daaglikse gebruik in die veld, en die ander ekstraordinêr, simbolies van sy roeping en dienooreenkomstig versier (sien figuur 35 en illustrasie 36).


Daar bestaan onsekerheid omtrent wanneer die uiteenloping tussen die praktiese en die formele plaas kon gevind het, hoewel die sneewerk van die seremoniële herderstaf verenigbaar is met die sneewerk van die herderstaf in die negentiende eeu. Die seremoniële sowel as die rituele staf was vir etlike eeue bekend in Europa en in Hongarye. Die staf van die Biskop is hier as voorbeeld. Daar is egter gevalle waar die ewolusionêre ontwikkeling van 'n sekere voorwerp, vanaf sy daaglikse praktiese funksie tot en met sy

---

17 T Hofer ea, Hungarian Folk Art, p11

18 T Hofer ea, Hungarian Folk Art, pp11-12





Illustrasie 29

Interieur van 'n kamer waar die beddens bedek is en die kussings en donscombe toegewikkel is in ryklik versierde slope. te sien in Markos, Tsjeggo-Slowakye


(T Hofer ea, Hungarian Folk Art)



Illustrasie 30

Beddens in die "beste kamer" (parádés szoba) in Mátyásfalva,  
Roemenië

(T Hofer ea, Hungarian Folk Art)




Illustrasie 31

Voorbeeld van 'n gegroefde plank vir die maak van skulpvormige  
noedels

Vrugtehout, 3,2 cm

Afkomstig vanuit die Groot-Vlakte

(T Hofer ea. Hungarian Folk Art)



Illustrasie 33

'n Voorbeeld van 'n  
van skulpvormige  
Vervaardig in die  
Hajdu-Bihar

(T Hofer ea, Hungarian Folk Art)

Illustrasie 32

Voorbeeld van 'n gegroefde plank vir die maak van skulpvormige  
noedels, daarmee saam ook 'n stok vir die uitrol van die deeg  
Vrugtehout, 17,5 cm

(T Hofer ea, Hungarian Folk Art)



Illustrasie 33

'n Voorbeeld van 'n loodgeglasuurde pottebakkersplank vir die maak van skulpvormige noedels. 14,4 cm  
Vervaardig in Debrecen, in die "Megye", d i, die Graafskap, Hajdü-Bihar

(T Hofer ea, Hungarian Folk Art)



Illustrasie 34

'n Voorbeeld van 'n loodgeglasuorde pottebakkersplank vir die maak van skulpvormige noedels. 15,1 cm. Vervaardig in Debrecen, in die "Megye", d i, die Graafskap, Hajdú-Bihar

(T Hofer ea, Hungarian Folk Art)

uiteindelike transformasie in 'n versierde rituele voorwerp, duidelik bespeur kan word.

## 1 Die betekenis en funksie van volkskuns skeppinge


Met die bestudering van volkskuns hetsy dit geskied in 'n intensiewe of oppervlakkige hoedanigheid al dan nie, is die vraag wat maar altyd iewers in mens se agterkop sluimer dié van: waarom sou die boerevolkere soveel tyd en energie spandeer om voorwerpe te skep, terwyl hulle dit tog nie in die daaglikse lewe sou gebruik nie? Waarom al die moeite ....? Sommige van die vervaardigde voorwerpe is op sodanige wyse gemaak dat hulle vir etlike generasies nog behoue gebly het. Die voorwerpe moes dus op 'n besondere wyse vervaardig wees. Mens kan hieruit die afleiding maak dat die voorwerpe van 'n hoogstaande kwaliteit getuig en dat dit juis veroorsaak het, of liewers die rede was dat allerlei aanslae tēgestaan kon word en die voorwerpe gevolglik nie kon verweer nie. Mens wonder onwillekeurig hoe die boere dit reggekry het. Feit is hulle het en dit vir 'n doel. Sommige van die voorwerpe soos byvcorbeeld die spoelringe is in die openbaar vertoon, terwyl ander soos tafeldoeke en kussingslope in laaikaste weggepak is om later te gaan uithaal vir gebruik tydens seremoniële geleenthede. Hierdie seremoniële geleenthede vertel elk 'n eie verhaal en dit was juis by sulke geleenthede dat die kunsvoorwerpe 'n aktiewe rol aangeneem het. Hulle het gedurende hierdie formele aktiwiteite 'n publieke funksie verrig en dit is dan daar waar die simboliese boodskap oorgedra is. Volgens etnografiese en antropologiese terminologie word sodanig seremonie of feestelike gebruik 'n ritueel genoem.

"The word ritual is used here in a general sense, not restricted to religious-magical activities, but extended to mean every repetitive, highly formal, solemn festive action in which many performers are involved and in which the social relationships between certain persons and groups of people are expressed, established and fortified. It was characteristic of peasants that their social life was much more pervaded by ritual than life in contemporary industrial society." 19

Eweneens karakteristiek van boere rituele is die betekenisvolle rol wat die voorwerp gespeel het. Die voorwerp was net so veel 'n middel tot die "Kommunikasie-doel" as wat woorde, gebare, bewegings en musiek was.


---

19 T Hofer ea, Hungarian Folk Art, p13



Figuur 35

'n Herderstaf met delikate kerfwerk  
(H Támás ea, Hungarian Peasant Art)



Illustrasie 36

'n Herderstaf met 'n reliëfuitbeelding van Jesus  
Vrugtehout, 7 cm. Vervaardig in Drégelypalánk in die "Megye",  
die Graafskap, Nógrád

(T Hofer ea, Hungarian Folk Art)



"Thus, the whole range of beautiful objects which existed within a certain village can be considered as forming a kind of ritual language." 20

Die ritueel beeld gewoonlik die verhoudings tussen mense uit - die keuse van 'n lewensmaat, krisis-situasies, 'n huwelik, 'n geboorte, 'n begrafnis. In al hierdie aktiwiteite is die religie belangrik, maar vorm die menslike en die sekulêre die basiese ondertoon. Wat sou die rol dan wees van voorwerpe gedurende sulke seremonies? Om een voorbeeld te noem: naamlik, die ornamentele bed.<sup>21</sup> Die pragtige geborduurde bedlinne en kussings van die ornamentele bed is selde indien ooit in die alledaagse lewe gebruik. Dit is slegs vir seremonies gebruik. Die ornamentele bed maak sy eerste verskyning met 'n huweliksseremonie. Die bruid se beddegoed word uitgehaal en in haar ouers se huis uitgestal en daarna in die ouerhuis van die bruidegom. Dan word dit oorhandig aan die bruidegom se ouers. 'n Optog volg, waarin die beddegoed deur jong mans en vroue al singende en dansende deur die strate gedra word (ágyvitel). Die idee was dat soveel moontlik van die inwoners van die dorpie die beddegoed moes sien. Die simboliek daaragter was duidelik: die aanvang van 'n nuwe lewe ... saam ... met die dorpie as getuie. Die simboliek van die beddegoed deurgaans was onmisbaar, hoewel die beddegoed nooit gebruik sou word nie. Indien dieselfde beddegoed in 'n "parádés szoba" uitgestal sou word waar 'n hubare jongmeisie woon, sou dit beteken dat die ouers toestemming verleen vir haar om te trou. In die huis van die bruidegom het die aanwesigheid van die beddegoed gedien as 'n herinnering aan die huweliksritus waar trou gesweer is. Die beddegoed is telkemale verwissel om dienooreenkomstig aan te pas by 'n volgende feesgeleentheid. Dit is selfs met aanvang van elke seisoen verander. Dié enkele voorbeeld illustreer duidelik hoe die kulturele lewe ten opsigte van die huwelik, daar uitgesien het onder die boere, en veral die rol van voorwerpe. Die soeke na die betekenis sentreer dus om die mens en sy aktiwiteit. Ornamentele voorwerpe was egter slegs elemente in rituele. Hulle is begelei deur seremoniële handlings en gebare asook musiek. Die voorwerpe het 'n funksionele rol gehad hoewel

"... in the great moments of their use, speech and song spoke for them. Yet the theory that the greater the variety of channels and media employed to communicate a message, the more likely it is to reach its destination, remains true in folk art, in which

---

20 T Hofer ea, Hungarian Folk Art, p13

21 T Hofer ea, Hungarian Folk Art, pp13-15

the decoration on objects would, on occasion, impart a message and have a symbolic meaning." 22

Vervolgens wil ek graag 'n paar danse noem wat veral tydens die huwelik gedans is: die Dans van die bruid "(Mennyasszony tánc)" die Dans van die Kokke "(szakacsaszonyok tánc)" en die Dans van die dagbreek vuur "(Hajnal-tüz tánc)".

Op die keramiek brandewynflessies vind mens talryke inskripsies wat ook as boodskappe vir die mense daarbuite bedoel is. 'n Bekende pottebakker van Mezöcsát het onder andere die volgende inskripsie gelaat:

